

ONSTABILITEIT HERSTEL

Inleiding

Die skouergewrig is 'n komplekse gewrig met 'n bal-en-potjie-ontwerp wat beweging in verskeie rigtings toelaat. Stabiliteit van die gewrig word deur omliggende spiere en die saamgestelde ligamente om die gewrig (kapsel), en 'n kraakbeenring (labrum) om die benige potjie, verskaf.

Onstabiliteit

Skoueronstabiliteit en ontwigting gebeur wanneer die bal (humerus kop) in 'n rigting geforseer word sodat die kapsel skeur en/of die labrum lostrek vanaf die potjie (glenoïed). Onstabiliteit kan ook ontstaan weens aangebore laks of meegewende liggamente. Wanneer dit gepaard gaan met 'n fraktuur van een of meer benige deel van die gewrig is die graad van onstabiliteit gewoonlik erger.

Behandeling van onstabiliteit word bepaal deur die oorsaak en graad van die onstabiliteit en die pasient se verwagtinge omtrent sy skouer.

Benige herstel word dikwels met oop chirurgiese tegnieke gedoen.

Artroskopiese operasie

Klein insnydings word rondom die gewrig gemaak waardeur die artroskoop en chirurgiese instrumente geplaas word.

'n Elektroliet oplossing vloei deur 'n buis in die skouer in om die kapsel van die skouer te laat uitsit sodat besigtiging van die gewrig verbeter word. Die beeld word gestuur na 'n video monitor sodat die chirurg kan sien wat in die gewrig aangaan.

Chirurgiese instrumente wat in die gewrig ingeplaas word, word gebruik om die labrum en kapsel terug te heg aan die glenoïed met hegtingsmateriaal en beenankers.

Na herstel van die labrum word die chirurgiese instrumente verwyder. Die skouer word verbind en die arm word tydelik in 'n stutverband geplaas.

Na operasie

Die arm word beskerm in 'n stutverband tot dit veilig is om te verwyder. Oefeninge word ingespan om herstel aan te help. Funksie van die geopereerde ledemaat word geleidelik hervat afhangende van pasient omstandighede. Kompeterende sportmense en fisiese arbeiders word oor 'n periode van 5-6 maande ingelei tot maksimum herstel.